

The Art of Describing

The Open Window

Amanda du Preez

Kalender
5/7/98

Die imperiale ryke het tot 'n val gekom. Al wat van hulle oorgebly het, is verskillende interpretasies wat ons soos spoke vanuit die eens "florerende" koloniale verlede konfronteer.

Maar wat gemaak as jy as kunstenaar self deel is/was van die koloniale erfenis? As jy self onlosmaaklik geknoop is aan die vergrype van die koloniale wêreld?

Een van die strategieë wat tot 'n mens se beskikking is, is om, sonder ontkenning van jou eie skuld, deur nabootsing 'n verandering in die koloniale narratiewe aan te bring.

Deur die beeld van die koloniale tydperk mimeties terug te kaats, word 'n kritiese afstand van die koloniale mag gehandhaaf.

Dit is een van die temas van die tentoonstelling van werke deur Keith Dietrich, Walter Meyer, Anton Karstel, Karin Prelle en Claudette Schreuders wat nou in die Open Window in Pretoria te sien is.

Dietrich is 'n bekende in die post-koloniale debat met sy "gevonde voorwerpe". In 'n bepaalde sin boots Dietrich daarmee die verhale van imperiale toe-eiening na en konfronteer die moderne kyker met die vergrype van die verlede. Dietrich se nabootsings gaan egter met humor gepaard.

Veral treffend is "How Mr Gordon Cumming Contributed to the Burger Industry", waarin 'n versameling bokhorings bokant kitskoshouers uitgebeeld word. Die een houer is 'n Longhorn-houer.

Dan is daar Meyer, wat met sy ontheemde land- en dorpskappe die verganklikheid van menslike ingrype op hul wêreld beklemtoon.

Meyer boots die kleindorpse na wat 'n bekendheid oproep, asook 'n ongemaklikheid.

Prelle se foto-realisme wat 'n subliem-onheilspellende beeld op 'n bekende en verlate landskap ontwikkel, beïndruk ook, terwyl Schreuders se houtfigure met harte van goud (of is dit nou Lux-seep?) oneindig meer maatskappy-kritiese potensiaal het as om bloot prettige beelde te wees.

Teen die agtergrond van die gedagte van koloniale nabootsing is die boeiendste van hierdie uitstalling egter Karstel se reeks "Wonderful South Africa", wat hy ontleen aan foto's van 'n ou dokumentêre bron oor die vroeëre Suider-Afrika.

Karstel stel ons bekend aan fotografiese dokumente wat met 'n soort kille neutraliteit die "ekonomiese wonder" van die koloniale werklikheid besing.

Dié foto's word as "objektiewe" representasies van die koloniale "feite" aangebied.

Meestal is dit foto's wat vergesel word van byskrifte wat handel oor die florerende houtbedryf, die ontginning van minerale en die mielie-aanwas.

Die byskrifte maak geen melding van die "boorlinge" (*natives*) nie.

Wanneer die foto's inderdaad na hulle verwys, is dit in 'n sogenaamde objektiewe derde persoon. So word die menslikheid van die "boorlinge" gerieflikheidshawe ontken.

Karstel neem hier sy kans waar as hy die foto's met sy eie werk verdubbel of naboots.

Die effek van die mimesis is om die menslikheid van die "boorlinge", wat volledig deur die sogenaamde objektiewe foto's verberg word, na vore te bring.

Deur op 'n briljante wyse te speel met perspektief en kleur, hoewel gedemp, slaag Karstel daarin om die sogenaamde neutrale koloniale boodskap wat in die onderskrifte vervat is te ondermyn.

Só vestig hy ons aandag op die "boorlinge" self en die ontheemde posisie waarin hulle hulself ten opsigte van die selfverrykende koloniale mag bevind.

Veral aangrypend in hierdie verband is sy werk waarin mynwerkers besig is om hare te skeer – 'n alledaagse, intieme aktiwiteit waarin die menslikheid van die "boorlinge" sterk beklemtoon word. Dit is asof Karstel die perspektief na die menslike hart van die toneel verskuif.

Deur sy kleurgebruik byna monochromaties te hou, beweeg hy nie te ver weg van die swart-en-wit foto nie.

Die kleur is egter slim genoeg aangewend om ons bewus te maak van 'n ander verhaal.

Dit is 'n verhaal van menslike trauma wat nie deur die sogenaamde foto-realisme raakgesien word nie, maar eerder deur die verdubbeldende werk van die post-koloniale kunstenaar ontbloot word.

Hierdie is 'n tentoonstelling wat nie gemis behoort te word nie, veral as jy gevoelig is vir die spannings en dubbelsinnigheide wat ontstaan wanneer verskillende wêreldes bymekaarkom.

● Tot 8 Julie.